# Hoofstuk van die dag: Prediker 9

> *Eet dus jou brood met vreugde, drink jou wyn met 'n bly gemoed; God het lankal reeds goedgekeur wat jy doen. (vers 7)*

Die Prediker sê: Jy kan maar probeer as jy wil, soos hy probeer het. Jy sal ook ontdek dat selfgesentreerde menslike

pogings nie werk nie. Dit bring nie geluk en vrede in die hart nie. Daar is net één regte manier om in hierdie wêreld te leef, en dit is deur die Here te vrees, in Hom te glo en vir Hom te lewe (Pred 12:13). Want die vrese van die Here is nie net die begin van die wysheid nie, dit is ook die begin van geluk, tevredenheid en ’n energieke en doelgerigte lewe.
Die Prediker – nee, die Here God! – wil ons verlos van ’n selftevrede God-lose (goddelose?) lewe, want dit maak jou onvermydelik sinies en bitter. Hy wil ons verlos van ’n lewe waarin jy op jou eie wysheid, genot, rykdom en prestasies wil steun. Hy wil ons daar bring waar ons sal ontdek dat God daar is, dat Hy goed en groothartig is, dat Hy vir ons wil sorg en versorg. Eers as jy dít ontdek het, kan jy gelukkig wees.

## Onlangse Bydraes


- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming
- Lot


## Argief


Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026